Gebruik laer insetpryse en

hoër produkpryse tot jou voordeel

PIETMAN BOTHA, SENIOR LANDBOUNAVORSINGSKUNDIGE, GRAAN SA

Produsente is bewus daarvan dat laer insetpryse en hoër produkpryse tot hul voordeel is, maar hulle besef nie altyd die werklike waarde hiervan nie. As gevolg hiervan doen produsente nie genoeg om hierdie aspekte ernstig te bestuur nie. Hier volg 'n paar voorstelle om die meeste voordeel uit só 'n situasie te trek.

Standaard begroting

Daar is gebruik gemaak van 'n standaard begroting om die effek van afslag, hoër pryse en hoër doeltreffendheid te vergelyk. Winsgewendheid asook opbrengs het verskillende uitwerkings en daarom moet elke produsent sy eie berekeninge doen. Daar kan algemeen aanvaar word dat hoe laer die winsgewendheid, hoe groter sal die bydrae van die veranderlikes wees. 'n Tipiese 4 ton/ha mieliebegroting is opgestel om die veranderlikes teen te toets en word in **Tabel 1** aangetoon.

Om die bydrae van hoër produksie, laer insetpryse en hoër gemiddelde mielipryse te toets, is die produksiekoste met 5%, 10% en 15% verlaag terwyl die mielie inkomste, wat opbrengste en pryse insluit, met 5%, 10% en 15% verhoog.

Effek van laer direk toedeelbare veranderlike koste

In **Tabel 2** word die uitwerking van laer insetpryse aangedui wat as gevolg van afslag verkry word.

TABEL 1: 'N TIPIESE 4 TON/HA DROËLAND-MIELIEBEGROTING.

Droëland mieliebegroting vir die produksiejaar 2009/2010	
Produsent-plaashekprys (R/ton Safex min bemarkingskoste en vervoerdifferensiaal)	**1 581,00**
Beplanningsopbrengs (ton/ha)	4,00
Bruto produksiewaarde (R/ha)	**6 324,00**
Direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	
Saad	335,19
Kunsmis	1 413,00
Kalk	138,46
Brandstof	425,63
Reparasie	395,09
Onkruiddoders	378,18
Plaagdoder	25,22
Insetversekering	118,40
Graanprysverskansing	452,46
Oesversekering	227,81
Lugspuit	110,00
Produksiekredietrente (R/ha)	-
Totale direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	**4 019,44**
Bruto marge	**2 304,56**
Totale oorhoofse koste (R/ha)	**1 749,32**
Totale koste per ha (R/ha)	**5 768,76**
Netto boerderyinkomste	**555,24**

Die begrotings is opgestel om bloot die beginsel oor te dra en nie om stelsels of streke te vergelyk nie.

Soos gesien kan word in Tabel 2, het 'n 5%-afslag op direkte insette 'n R200,97 of 36,2% impak op netto boerderyinkomste. Die 10% en 15% afslag het onderskeidelik 'n R401,94 of 72,39% en R602,91 of 108,59% impak op netto boerderyinkomste. Indien 'n netto boerderyinkomste van R55 523,61 op 'n 100 ha eenheid verkry word, kan dieselfde inkomste verkry word deur net 91,98 ha te plant indien die direkte koste met 5% verminder word. Dieselfde netto boerderyinkomste van R55 523,61 kan ook verkry word indien daar net 85,15 ha geplant is en direkte insette met 10% verlaag word en as direkte insette met 15% daal, sal net 79,26 ha geplant moet word.

Effek van hoër bruto produksiewaarde per hektaar

Die effek van verhoogde bruto produksiewaarde word in **Tabel 3** aangedui. Die bruto produksiewaarde kan verhoog word deur die produksie of die prys te verhoog. In hierdie geval is net die prys verhoog.

Uit Tabel 3 is dit duidelik dat 'n 5% beter inkomste daartoe lei dat 'n produsent op netto boerderyinkomste vlak R316,20 of 56,95% beter daaraan toe is. Verder, indien 'n netto boerderyinkomste van R55 523,61 verkry moet word, sal slegs 87,93 ha geplant moet word teenoor die 100 hektaar in die vergelyking. Die 10% en 15% inkomste het verder onderskeidelik 'n verhogingsimpak van 113,9% en 170,85% op die boerdery.

Uit Tabelle 2 en 3 is dit dus duidelik dat indien minder geplant word, dieselfde netto boerderyinkomste verkry kan word indien inset- en uitsetpryse, asook doeltreffendheid behoorlik bestuur word.

Effek van hoër produkpryse en opbrengste, asook laer direkte koste per hektaar

Tabel 4 dui die resultate aan waar produsente dit in dieselfde jaar kon bewerkstellig dat insetkoste laer is, terwyl beide pryse en produksie hoër is.

TABEL 2: DIE EFFEK VAN VERSKILLENDE AFSLAG OP INSETTE OP NETTO BOERDERYINKOMSTE.

Droëland mieliebegroting vir die produksiejaar 2009/2010 met	Geen veranderinge	5% afslag op insette	10% afslag op insette	15% afslag op insette	Impak van 5% verandering	Impak van 10% verandering	Impak van 15% verandering
Opbrengs	4,00	4,00	4,00	4,00			
Produsent-plaashekprys	1 581,00	1 581,00	1 581,00	1 581,00			
Bruto produksiewaarde (R/ha)	6 324,00	6 324,00	6 324,00	6 324,00			
Totale direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	4 019,44	3 818,47	3 617,50	3 416,52	-5,00%	-10,00%	-15,00%
Bruto marge	2 304,56	2 505,53	2 706,50	2 907,48	8,72%	17,44%	26,16%
Totale oorhoofse koste (R/ha)	1 749,32	1 749,32	1 749,32	1 749,32			
Totale koste per ha (R/ha)	5 768,76	5 567,79	5 366,82	5 165,85	-3,48%	-6,97%	-10,45%
Netto boerderyinkomste	**555,24**	**756,21**	**957,18**	**1 158,15**	**36,20%**	**72,39%**	**108,59%**
Hektaar benodig om 'n boerderyinkomste te realiseer van...	**R55 523,61**	**91,98**	**85,15**	**79,26**			

TABEL 3: DIE EFFEK VAN HOËR BRUTO PRODUKSIEWAARDE OP NETTO BOERDERYINKOMSTE.

Droëland mieliebegroting vir die produksiejaar 2009/2010	Geen veranderinge	5% styging in produksiewaarde a.g.v. plaas-hekprys	10% styging in produksiewaarde a.g.v. plaas-hekprys	15% styging in produksiewaarde a.g.v. plaas-hekprys	5% styging in produksiewaarde a.g.v. plaas-hekprys	10% styging in produksiewaarde a.g.v. plaas-hekprys	15% styging in produksiewaarde a.g.v. plaas-hekprys
Opbrengs	4,00	4,00	4,00	4,00			
Produsent-plaashekprys	1 581,00	1 660,05	1 739,10	1 818,15	5,00%	10,00%	15,00%
Bruto produksiewaarde (R/ha)	6 324,00	6 640,20	6 956,40	7 272,60	5,00%	10,00%	15,00%
Totale direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	4 019,44	4 019,44	4 019,44	4 019,44			
Bruto marge	2 304,56	2 620,76	2 936,96	3 253,16	13,72%	27,44%	41,16%
Totale oorhoofse koste (R/ha)	1 749,32	1 749,32	1 749,32	1 749,32			
Totale koste per ha (R/ha)	5 768,76	5 768,76	5 768,76	5 768,76			
Netto boerderyinkomste	**555,24**	**871,44**	**1 187,64**	**1 503,84**	**56,95%**	**113,90%**	**170,85%**
Hektaar benodig om 'n boerderyinkomste te realiseer van...	**R55 523,61**	**87,93**	**78,47**	**70,84**			

Volgens dié tabel moet produsente alles in hul vermoë doen om te sorg dat produksie so doeltreffend moontlik gedoen word, die pryse van produkte moet so hoog moontlik wees, terwyl insette teen so laag moontlik aangekoop moet word. Indien die opbrengs en produkpryse 5% hoër is, terwyl insette 5% laer is, toon Tabel 4 dat die netto boerderyinkomste met 152,94% of R849,19 hoër is. Om dieselfde netto boerderyinkomste te verkry hoef slegs 73,07% van die lande bewerk te word.

Voorstelle om te deel in laer koste en hoër produksiewaardes

Daar kan nou met reg gevra word wat kan gedoen word om hierdie voordele te bewerkstellig. Op plaasvlak moet produsente sorg dat doeltreffendheid verhoog word. Sorg dat die klein dingetjies reg gedoen word. As voorbeeld: Maak seker dat die planter die saad en kunsmis op die regte plekke vir optimale produksie plaas. Nog 'n voorbeeld is om seker te maak dat die onkruiddoderspuit reg gekalibreer is en met die regte spuitpunte toegerus is vir die middels wat gespuit word.

Studiegroepe en georganiseerde landbou speel ook 'n baie belangrike rol om die doeltreffendheid te verhoog. Deur van ander produsente in die omgewing te leer, kan tot vinnige verhoging in doeltreffendheid aanleiding gee. Sonder dat almal gee is dit moeilik om te deel en

Vervolg op bladsy 50

Gebruik laer insetpryse en hoër produkpryse tot jou voordeel

Vervolg van bladsy 49

TABEL 4: DIE EFFEK VAN HOËR PRODUKPRYSE EN OPBRENGSTE ASOOK LAER DIREKTE KOSTE PER HEKTAAR OP NETTO BOERDERY-INKOMSTE.

Droëland mieliebegroting vir die produksiejaar 2009/2010	Geen veranderinge	5% styging in opbrengs en plaashekpryse en 5% afslag op direkte koste	10% styging in opbrengs en plaashekpryse en 10% afslag op direkte koste	15% styging in opbrengs en plaashekpryse en 15% afslag op direkte koste	5% styging in opbrengs en plaashekpryse en 5% afslag op direkte koste	10% styging in opbrengs en plaashekpryse en 10% afslag op direkte koste	15% styging in opbrengs en plaashekpryse en 15% afslag op direkte koste
Opbrengs	4,00	4,20	4,40	4,60	5,00%	10,00%	15,00%
Produsent-plaashekprys	1 581,00	1 660,05	1 739,10	1 818,15	5,00%	10,00%	15,00%
Bruto produksiewaarde (R/ha)	6 324,00	6 972,21	7 652,04	8 363,49	10,25%	21,00%	32,25%
Totale direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	4 019,44	3 818,47	3 617,50	3 416,52	-5,00%	-10,00%	-15,00%
Bruto marge	2 304,56	3 153,74	4 034,54	4 946,97	36,85%	75,07%	114,66%
Totale oorhoofse koste (R/ha)	1 749,32	1 749,32	1 749,32	1 749,32			
Totale koste per ha (R/ha)	5 768,76	5 567,79	5 366,82	5 165,85	-3,48%	-6,97%	-10,45%
Netto boerderyinkomste	**555,24**	**1 404,42**	**2 285,22**	**3 197,64**	**152,94%**	**311,58%**	**475,91%**
Hektaar benodig om 'n boerderyinkomste te realiseer van...	**R55 523,61**	**73,07**	**57,12**	**46,59**			

daarom is dit almal in die groep se taak om inligting te verskaf en dit met mekaar te deel.

Wat die produsentplaashekpryse betref, is dit baie belangrik dat produkpryse behoorlik bestuur word. Dit kan gedoen word deur 'n vloerprys vroegtydig in plek te kry en dan te verdedig. Sommige produsente staan saam om hul produk gesamentlik te bemark. Deur dié stap word beter pryse beding en kan genoeg volume geskep word om aan kopers se vereistes te kan voldoen. Daar kan ook saam gewerk word om spesialismarkte soos GMO-vrye mielies in 'n gebied te produseer en dan aan 'n spesialismark te verskaf.

Deur deel te raak van 'n aankoopgroep of koöperasie kan produkte gesamentlik aangekoop word. Hierdie stap sal sorg dat volume-afslagte moontlik beding kan word. Hier moet produsente net weet dat die persoonlike aandag en diens ook 'n prys het. Maak dus seker dat ander voordele soos landboukundige dienste nie in die proses verlore sal gaan nie. Dit kan ook gebeur dat deur groepaankope die mededinging in 'n gebied so verlaag dat die stap eerder 'n nadeel as 'n voordeel word. Maak dus seker dat almal in die waardeketting 'n geregverdigde wins maak.

Produsente moet hulself ook vergewis van wat met insetpryse aan die gebeur is. Weet wat internasionaal aan die gang is en hoe dit plaaslike pryse gaan raak. Goeie inligting is uiters belangrik en 'n goed ingeligte produsent sal gewoonlik die beste besluit neem. Hier speel Graan SA ook 'n belangrike rol – kontak hulle gerus om volledige inligting oor insette te bekom.

Samevatting

Deur uitgawes dus met 5% te beperk, kan lei tot 'n styging van 36,2% in netto boerderyinkomste. Die verhoging van inkomste met 5% lei weer tot 'n styging van 56,95% in netto boerderyinkomste. Deur uitgawes te verlaag met 5% en pryse asook produksie met 5% te verhoog, lei tot 'n styging van 162,94% in netto boerderyinkomste. Produsente moet dus ook aktief daaraan werk om laer koste te bewerkstellig en om hoër produksie en produkpryse te bewerkstellig. Nodeloos om te sê: wins het nog nooit iemand bankrot gemaak nie! ■